

**N.G. Gemeente Vaalpark**

**Gebedsbulletin no 6**

**8 Februarie 2026**

# My lewe in God se wil

## God se wil het net een adres

Daar is net een pad na die ware God toe. Jesus is daardie pad. Hy is die enigste adres as jy by God wil uitkom. Hy is die roete as jy lewe soek. Jesus bevestig dit in Joh 5:38-40 waar Hy sê̩ Hy het gekom om God se wil te doen. Hy sê̩ dit is die Here se wil dat nie een van die mense wat in Hom glo ooit verlore sal gaan nie. Jesus sal sorg dat hulle almal op die laaste dag uit die dood opgewek word.

God se een en enigste wil is Jesus. Jesus doen op sy beurt slegs die Vader se wil. Sy Vader se wil is om mense wat soek is te vind en om aan hulle vir altyd lewe te gee. Hierdie is God se een wil vir alle mense op aarde – dat hulle in Jesus as die Christus glo. God se plan gaan oor redding, redding en nogmaals redding. Daar is nie derduisende ander planne in God se hart vir sy stukkende wê̩reld nie. Nee, dit gaan eksklusief oor hierdie een pad. Jesus het gekom om God se wê̩reld heel te maak. Hy het gekom om verdwaaldes terug te lei na sy Vader se ewige huis. Jesus is die hemelse reddingsaksie in lewende lywe tussen ons. Om Hom te ken, is om die sleutel tot God se wil te ontdek en te ken.

Jesus het gekom om die stukkende verhouding tussen hemel en aarde te herstel. Hy is God se geliefde Seun wat Sy liefde in ons harte kom uitstort. God se wil gebeur binne hierdie geloofsverhouding van liefde en gehoorsaamheid tussen ons en Christus. Dus, om in Jesus te glo, is om binne sy Vader se geopenbaarde wil te wees. Anders gestel: Die geloofsverhouding met Christus is gelyk aan die doen en uitleef van God se wil. Nogmaals, God se wil is ‘n lewende verhouding met Jesus, nie ‘n klompie losstaande dinge wat ons vir God moet doen, of Hy vir ons nie. Ons kan en mag nie aan God se wil dink sonder om ons geloofsverhouding met Hom te sien as ons volledige deelhê̩ aan sy wil nie. Kortom, om in Christus te glo, is per se om in God se wil te leef. -Stefan Joubert -

**Dankie!**

Dat ín Christus dit moontlik is om volgens die wil van die Vader te leef!

## Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Vir ons jeug. Vir hulle geestelike, emosionele opvoeding en gesondheid.
- Vir almal wat in brandgeteisterde en vloedgeteisterde areas woon. Ook vir die areas en mense waar dit bitter droog is.

## Gebedsversoeke

- Lottie Conradie
- Annie Brink
- Johnny Viviers
- Leonie Kruger
- Jillian Jansen
- Oom Piet Pretorius
- Marcel Holtzhausen
- Marinda Jordaan
- Amanda J van Rensburg

Hettie Singleton
Jaco Meyer
Juanita Rossouw
Janine Vorster
Spokie Vorster
Rina Roos
Jaap Naudé
Johan Oosthuizen
Hannelie Ball

## Gedagte vir die week

**Ek het van die hemel af gekom nie om My wil te doen nie,**
**maar die wil van Hom wat My gestuur het.**
**Joh 6:38**

## Gebedsversoeke aan:

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org